OPVOEDKUNDIGE DIENSTE

SPRAAK- EN TAALTERAPEUT

Het u kind dalk ‘n spraak-/taal-/luister-/stem-probleem? Me Jolette van Eck voer spraak-/taal-/luister-/stem-siftingsevaluasies by ons skool uit. Hierdeur word gepoog om te bepaal of u kind moontlik uitvalle toon t.o.v. die genoemde areas en of verdere bemoeienis noodsaaklik is. Ouditiewe Persepsie speel ‘n belangrike rol by lees- en spelvaardighede.

Indien verdere spraak- en/of taalterapie insette noodsaaklik is, vind individuele evaluasie/terapie een maal per week by skool plaas vir ‘n 30/60/90 minute sessie. Tariewe word gehef soos voorgeskryf in die Mediese Skemas m.a.w. ingekontrakteur. Mediese fondse verskaf fooie vir terapeutiese dienste en kan dus geëis word. Ouers doen navrae by hul Mediese Fondse vir beskikbare fondse.